# SARS verwelkom die MTBBR-inkomste-aankondiging

**1 November 2023 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die mediumtermyn-begrotingbeleidsverklaring (MTBBV) soos vandag deur die minister van finansies, mnr Enoch Godongwana, in die parlement ter tafel gelê, wat die 2023-Februarie-begroting se netto belastinginkomsteskatting van R1 787.5 miljard tot R1 730.4 miljard aangepas het.

SARS het sy hooffunksies, wat invordering van alles wat aan die fiskus verskuldig is, voortgesit. Tydens die eerste helfte van die huidige fiskale jaar, het ons bruto inkomste in totaal van R1 016.3 miljard ingesamel, wat 'n groei van 4.5% verteenwoordig en 'n surplus van R1.0 miljard teen die 2023-begrotingskatting aanteken. Hierdie prestering is op die rug van sterk bruto invorderings uit BTW, brandstofheffing en PIB - gedeeltelik verreken teen laer bruto invorderings uit MIB terwyl maatskappyewinste steeds onder druk is. Sonder ons bystand, sou die fiskale raamwerk onder erger druk gewees het.

Hierdie is goeie nuus en bied hoop in die huidige uitdagende omgewing. Deur gefokusde toewyding, het SARS fondse aan die ekonomie teruggegee deur terugbetalings in die eerste ses maande van die huidige fiskale jaar wat 'n bedrag van R212.2 miljard in total was, wat R 24.6 miljard hoër is as die vorige jaar en R 30.1 miljard hoër is as die 2023-begrotingskatting.

Teenoor R172.1 miljard, het BTW-terugbetalings 81% bygedra tot die algehele uitvloeie, wat 'n R 21.5 miljard groei teenoor verlede jaar toon.  84% van alle BTW-terugbetalings is binne 21 dae uitbetaal, 'n styging teenoor verlede jaar se 77%. Alhoewel, soos alle ander inkomste-agentskappe, bly ontoelaatbare en bedrieglike terugbetalings 'n groot bekommernis hierdie jaar; SARS het R 45 miljard se terugbetalings in hierdie verband verhoed. Ewe belangrik is dat ons R 45 miljard se terugbetalings gekortwiek het na gevolg van verifiëringsaktiwiteite wat deur kunsmatige intelligensie in staat gestel is. Ontoelaatbare en bedrieglike terugbetalings bly 'n groot bekommernis en ons moet hierdie fenomeen hanteer.

Dit is bemoedigend dat SARS se algehele nakomingsinkomste, wat oor dieselfde tydperk ingevorder is, 'n noemenswaardige impak gehad het wat

wederkerig die inkomste-tekort met R 20.5 miljard verminder het, aan die rug van R118.4 miljard in totale nakomingsinkomste-invorderings, waarsonder die R 29.1 agterstand veel groter as R 49.6 miljard sou wees.

Tot op hede, het bruto nakomingsinkomste R118.4 miljard gelewer, wat R 26.0 miljard (28.1%) hoër as die jaar-tot-datum teenoor die vorige jaar is. Hierdie pogings het bygedra tot bruto BTW (R 28.6 miljard), bruto PIB (R 18.4 miljard) en bruto MIB (R 18.9 miljard).

Hooffokusareas sluit in:

- R 11.9 miljard uit aangepaste aanslae wat uit die verifiëring van 1.12 miljoen opgawes spruit, ‘n styging van R5 miljard (70%) jaar-op-jaar.
- Nagenoeg R40 miljard uit die oplossing van meer as 440 duisend skuldinvorderingsake, ‘n styging van R4 miljard (nagenoeg 12%) jaar-op-jaar.
- R 2.3 miljard uit 121 ondersoeke na onwettighede en 181 staatskapingsake wat tans ondersoek word, waarvan 27 sake aan die Nasionale Vervolgingsgesag oorhandig is.

Inkomste en winste uit die breër ekonomie is nadelig beïnvloed teenoor wat in die 2023-Februarie-begroting verwag is. Provinsiale maatskappye inkomstebelasting-invorderings, uit veral die mynsektor, is aan die einde van Junie 2023 verminder en het tot 'n groter-as-verwagte tekort gelei teenoor die 2023-begrotingskatting. Nieteenstaande, het hoër-as-geskatte winsgewendheid in die finansiële sektor (onder andere) die provinsiale maatskappye inkomstebelasting- en dividendebelastinginvorderings gesteun. Hoofsektorprestering wat groei getoon het sluit in - finansies met 7.8% uit indienshouding en vestiging van aandele, samelewing met 6.8% uit jaarlikse salarisverhogings (hoofsaaklik uit die regering) en groothandel met 6.2% - hoofsaaklik uit kleinhandel en voertuie.

Ten spyte van bemoedigende bruto inkomste-invorderings, is netto belastinginkomsteprestering tot op hede negatief beïnvloed deur verskeie uitdagings, beide binnelands en wêreldwyd. 'n Afname in mynproduksie het met 55% afgeneem as gevolg van 'n laer aanvraag in steenkool. Dit word saamgestel deur onderbrekings aan en onderbelegging in vrag- en logistiekenetwerke, wat die mededingendheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie erodeer.

Die afwisselende en onvoldoende elektrisiteitslewering bly die grootste onmiddelike en noemenswaardige stremming op produksie, belegging en werksgeleenthede. Stygende inflasiekoerse het huishoudelike besteding onderdruk as gevolg van stygende lewensonkoste. Wêreldwye groei het in onlangse maande verder afgeneem. Sentrale banke werk die uitwerking van hoë inflasie teen deur die implementering van langer-as-verwagte beperkende monetêre beleide, wat 'n negatiewe impak op alle ontwikkelende lande het. Verskeie wêreldrisiko's bestaan steeds, insluitend die styging in geopolitiese spannings, wat 'n behoefte tot sterker plaaslike aanvraag tot gevolg het om ekonomiese groei te ondersteun.

SARS is daartoe verbind om die impak van sleutelrisiko's op die administrasie van belasting- en doeane-inkomste-invorderings aan te spreek en te beperk, soos beurtkrag en interne hulpbronne-beperkings. SARS strewe om te volhard met die uitbreiding van die belastingbasis en om nakoming deur belastingpligtiges te verseker met die vooruitsig om alle verskuldige belasting-inkomste in te vorder.

SARS-kommissaris het gesê: "Saterdag se historiese wen deur die Springbokke kommunikeer 'n belangrike, tog eenvoudige boodskap - dat elke liewe punt 'n reuse verskil tussen wen en verloor kan beteken. Hoewel die kanse sterk teen die Springbokke was, het dit bo-menslike pogings geverg, individueel en gesamentlik, om by te dra tot wat met tye na 'n onmoontlike oorwinning gelyk het. Dit is daarom elkeen van ons as Suid-Afrikaners se plig om by die reëls van die spel te hou, soos die Springbokke, en om nooit op te gee totdat die eindfluitjie blaas nie".

Fiskale burgerskap bly 'n hoeksteen van nasiebou, en vrywillige nakoming dui op 'n belangrike maatskaplike band tussen die regering en sy mense.  SARS bly dankbaar teenoor alle belastingpligtiges wat bydra tot die groter doelwit van Suid-Afrika, en waarsku diegene wat met opset nasiebou ondernyn.

**Jou belasting maak saak (#YourTaxMatters)**

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.